# Les 5 VERLOSTE KINDERS: DIE HERE IS BARMHARTIG. HY GEE NIE STRAF NIE, HY VAT STRAF

## 1. Die Here is barmhartig

Verlede keer het ons gesien die Here is steeds vandag binne-in Sy binneste die mens wat Hy lank, lank gelede op aarde was. Vandag gaan ons kyk hoe die Here barmhartig is. Dit is die nuwe woord wat vir ons wys hoe die Here is.

Kom ons lees weer die teksvers in Hebreërs 2: "[14]*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword… [16]Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. [17]Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. [18]Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."*

Die Here is barmhartig. In vers 18 staan daar die Here help die wat versoek word. Dit is hoe die Here barmhartig is. Die Here help Sy kinders wat versoek word.

## 2. Kinders word versoek

Wie van julle weet wat is 'n versoeking?

'n Versoeking is wanneer daar iets gebeur wat jou laat dink en lus voel om iets verkeerds te doen, of wat jou laat dink en lus voel om nie jou werk te doen nie. Dit is soos wanneer jy huiswerk moet doen en die televisie is aan. Jy weet jy moet aan jou huiswerk dink en jou huiswerk doen. Maar terwyl jy probeer werk, hoor jy alles op die televisie. Die televisie is 'n versoeking. Die televisie maak dat jy besluit om nie jou huiswerk te doen nie.

Daar is elke dag baie sulke versoekings in ons lewe.

Kom ons gesels 'n bietjie en dan kyk ons watse soort versoekings is daar vir kinders. Onthou, 'n versoeking is wanneer iets gebeur wat jou laat dink en lus wees om iets verkeerds te doen.

## 3. Versoekings is net verskonings, nie regte redes nie

Kan jy vir jou juffrou by die skool sê dat jy nie jou huiswerk gedoen het nie, omdat jy lus geword het om televisie te kyk?

Wat sal gebeur as jy dit vir haar sê?

Jy sal strafwerk kry. Jy sal raaskry. En jy sal jou werk moet gaan doen. Dit help niks om te verduidelik dat jy versoek was nie. Om toe te gee aan 'n versoeking, is nooit 'n rede om iets verkeerds te doen nie. Dit is maar net 'n verskoning. En 'n verskoning is nooit die regte rede vir wat ons doen nie. 'n Verskoning is iets wat ons as rede voorhou, wat nie regtig so is nie.

Die versoeking is nooit regtig die televisie nie. Dit is hoe baie mense verskonings maak. Hulle maak asof dit die televisie is wat hulle lus vir huiswerk wegvat. Wat is die regte

probleem as jy weet jy moet gaan huiswerk doen? Is die regte probleem dat die televisie aan is? Of is die regte probleem dat jy nie lus is vir die huiswerk nie?

As jy regtig lus was om huiswerk te doen, wat sal jy doen as die televisie jou pla? As jy huiswerk wíl doen, dan sal jy opstaan en die televisie gaan afsit. So? Wat wys dit vir ons? Dit wys ons dat ons nie deur die televisie versoek word nie. Ons word versoek deur ons eie luiheid om huiswerk te doen. Dit is ons luiheid om huiswerk te doen, wat maak dat ons aan enigiets anders sal dink en enigiets anders sal doen, as om huiswerk te doen.

Daarom is daar nooit ander redes vir versoekings as die verkeerde begeertes in ons harte nie. Versoekings is iets wat uit ons harte kom. Dit is nie iets wat uit dinge soos televisies, selfone of maats kom nie. Dink maar aan luiheid. Maak die televisie ons lui om huiswerk te doen? Of is ons vanself te lui om huiswerk te doen? Ons gebruik maar net die televisie, selfone en maats as verskonings. Dit is nie die regte redes vir wat ons verkeerd doen nie. Die regte versoekings kom uit ons harte.

Daarom kan jy mos nie vir die juffrou sê: “Ek het nie huiswerk gedoen nie, omdat ek lui is!” en dan moet sy jou luiheid as ’n rede aanvaar hoekom jy nie jou werk doen nie. Vir luiheid moet ’n mens gestraf word.

En hierdie straf is jou verdiende loon. Dit is reg om gestraf te word vir luiheid.

**4. Die Here help kinders wat versoek word**

Wat doen die Here met kinders wat aan die versoekings van hulle harte toegee en verkeerde dinge doen omdat hulle dit graag wil doen?

Kom ons kyk weer na ons teksvers! “[18]*Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.”*

Dit is eintlik ’n baie snaakse teksvers hierdie. Want hier moes eintlik gestaan het dat die Here kinders stráf as hulle aan die versoekings in hulle harte toegee. Want as jy aan jou versoekings toegee, is jou straf jou verdiende loon.

Maar hier staan iets heeltemal anders. Hier staan dat die Here nie kinders straf wat aan hulle versoekings toegee nie. Hier staan dat die Here kinders wat aan hulle versoekings toegee, help.

**5. Die Here is barmhartig: Hy vat die straf**

Barmhartig beteken dat die Here kinders nie straf as hulle aan versoekings toegee nie. Die Here doen iets heeltemal anders: die Here straf ons nie. Die Here vat ons straf. Kom ons sê dit weer, want dit is baie anders as wat ons dink: die Here gee ons nie ons verdiende straf nie, die Here vát ons straf.

Daarom word die Here in hierdie verse die “getroue Hoëpriester genoem”. Dit beteken die Here is die een wat die straf vat.

Hoe kan die Here ons straf in ons plek vat?

Want Hy is saam met ons mens vandag! Dit is wat ons verlede keer gesien het: die Here is vandag in Sy binneste ook, net soos ons, mens. Hy het nie opgehou om 'n mens te wees nie. Net soos wat jou pa en ma ook nog altyd die klein kindjie in hulle binneste is wat hulle lank gelede was. Net so is die Here vandág nog 'n mens wat ons straf kan vat.

Dit is hoe die Here barmhartig is. Hy straf nie kinders wat aan versoeking toegee en sondes doen nie. Hysélf vat die straf wat kinders moes kry omdat hulle aan versoekings toegee. Hy spaar hulle die straf wat hulle verdien omdat hulle aan versoekings toegee.

Dit is regtig hulp. Die Here help kinders wat versoek word en aan versoekings toegee en sondes doen, deur hulle straf te vat. En die Here kán hulle straf vat, want in Homself is Hy ook mens, net soos kinders mense is.

Ons is die Here se verloste kinders. Dit is wat verlossing beteken. Verlossing beteken die Here géé nie straf nie. Die Here vát ons straf in ons plek.

**6. Opsomming**

Kom ons vat dit saam. Die Here is barmhartig. Hy straf nie kinders wat aan versoekings toegee nie. Hy vat die straf wat kinders moes kry, in hulle plek. En die Here kan ons só help, want Hy is, in Homself, 'n mens saam met ons.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

____________________________________

Handtekening: ouer of voog